Tjokkie WEEKBLAD

9 Oktober 2026 Uitgawe: 1/4/2026

UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en ouers na die vinnige vakansie. Ouers sal opmerk dat hierdie kwartaal baie kort is. Die akademiese program is dus geweldig onder druk. Daar is slegs 4 weke beskikbaar vir akademie en sportaktiwiteite.

Kermis:
Vandag vind ons Kermis plaas as deel van een van ons fondsinsamelingsprojekte vir 2026. Dit sou in kwartaal 3 plaasgevind het, maar as gevolg van ‘n druk program is dit verskuif na vandag. Dit is ‘n lekker geleentheid waarna die leerders baie uitsien. Baie dankie aan elke ouer wat op een of ander manier betrokke is by hierdie dag en die skool kom ondersteun.

Buitelugskool: Gr.6 en Afskeidstoer: Gr. 7
Maandag vertrek ons Gr. 6-leerders vir die Buitelugskool na Moolmanshoek terwyl ons Gr. 7-leerders na Drakensville vertrek vir hul afskeidstoer. Beide hierdie groepe sal dus van Maandag tot Donderdag nie by die skool wees nie. Ek doen ‘n ernstige beroep op ouers om hul leerders asseblief Vrydag skool toe te stuur en nie tuis te hou nie, aangesien die personeel voortgaan met akademiese werk.

Rapporte:
Leerders in Gr. 4-7 het gister hul rapporte ontvang. Daar is nie hierdie kwartaal ’n amptelike oueraand nie, maar ouers is welkom om ’n afspraak te maak met enige van u kinders se vakonderwysers indien die behoefte ontstaan om enige akademiese aangeleentheid te bespreek.

Daar sal in die laaste kwartaal slegs ’n eksamen geskryf word. Die rooster van hierdie eksamen sal spoedig aan u beskikbaar gestel word sodat u saam met u kind betyds kan begin voorberei. Eksamen begin reeds op 11 November vir ons Gr. 7-leerders.

Sport:
Tydens die afgelope vakansie het Tjokkies twee suksesvolle kriekettoernooie aangebied vir die o/11- & o/3-spanne. Baie dankie aan elke speler, ouer en onderwyser wat gehelp het om hiervan ’n sukses te maak. Baie geluk aan die o/11 A-span wat as wenners van die toernooi uit die stryd getree het.

Prysuitdeling:
Einde verlede kwartaal het ouers ’n skrywe ontvang wat die datums en tye van vanjaar se prysuitdelingsgeleenthede aandui. Intussen het die Departement van Onderwys hul vereistes vir die skryf van 2026 se eindeksamen aan skole gekommunikeer. Dit het ons gedwing om die groepe en datums dienooreenkomstig te moes aanpas.

LET OP NA DIE NUWE DATUMS VAN DIE ONDERSKEIE GROEPE:

Maandag, 9 November:	Graad 6/7	Prysuitdeling	18:00
Dinsdag, 10 November:	Graad 1	Prysuitdeling	11:00
Dinsdag, 10 November:	Graad 2/3	Prysuitdeling	18:00
Woensdag, 11 November:	Graad 4/5	Prysuitdeling	18:00


Let asb. daarop dat die Gr.1 Prysuitdeling afsonderlik gehou word en reeds in skooltyd plaasvind. Gr.1-ouers mag na afloop van die geleentheid hul kinders huis toe neem. Die res van die skool sal normale tyd verdaag.

BELANGRIKE DATUMS

9 Okt.:	Tjokkie Kermis
12 Okt.:	BL Begrotingsvergadering
	Senior Tennisliga
	o/9 Krieketliga
	Gr. 6 Buitelugskool & Gr. 7 Afskeidstoer
13 Okt.:	o/11 Krieketliga
	Voortrekker Kommandobestuursvergadering
14 Okt.:	o/11 Tennisliga
15 Okt.:	Interskole Redenaars vs WP
16 Okt.:	Brandfort Snelgala

VERJAARSDAE

16 Okt.: Juf. Jené Smuts



ANDER

Begrotingsvergadering

Vroeë Kennisgewing

Graag herinner ons ouers aan ons belangrike begrotingsvergadering wat gaan plaasvind op Maandag, 16 November 2026 in die Tjokkies skoolsaal.

Volgens die nuwe SA Skolewet, soos aangepas deur BELA, moet daar ‘n 10% kworum teenwoordig wees by die vergadering om die begroting soos voorgestel deur die Beheerliggaam goed te keur. Dit beteken dat daar **280** ouers van die skool die vergadering **moet** bywoon. Ek doen ‘n ernstige beroep op ouers, en pleit dat ouers dit asb. sal bywoon. Die vergadering sal nie langer as 45 min duur nie. Indien daar nie ‘n kworum van 10% teenwoordig is nie, kan die vergadering nie plaasvind nie en moet ‘n alternatiewe datum geskeduleer word.

Die 2027-begroting sal voorgelê word asook die skoolgelde vir 2027 vir die Pre-Primêre sowel as Primêre Skool. Die Wet bepaal dat die begroting tydens ‘n amptelike vergadering met ouers van die skool hanteer en goedgekeur moet word. Die vergadering sal om 17:30 begin.

Die amptelike kennisgewing van die vergadering sal na afloop van die BL-begrotingsvergadering uitgestuur word.

MAMMAS WAT BID

God se ryke voorsiening

FILIPPENSE 4:19 AFR53

En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.

Dit is ons gebed vir hierdie vierde kwartaal: dat God vir elke Tjokkie-gesin, volgens Sy rykdom, sal voorsien!

Ons berus in hierdie belofte, want:

- God is ons persoonlike en getroue Vader en Voorsiener: "my God"

- God is nie ‘n mens dat Hy lieg nie, maar kom Sy beloftes na: "sal voorsien"

- God belowe om in AL ons behoeftes (fisiese, emosionele, geestelike en verhoudingsbehoeftes) te voorsien, nie noodwendig in al ons begeertes nie: "elke behoefte"

- God is die onuitputbare Bron. Hy voorsien vanuit Sy getroue karakter en word nie deur menslike tekortkominge beperk nie: "na sy rykdom in heerlikheid"

- Die pad na hierdie ryke voorsiening is vir ons reeds gebaan: "deur Christus Jesus"

Amen!

SNUFFELS


Goeie nuus!
Danni Dinocorn
♥ glo in jouself ♥
Groepprogramme vir Kwartaal 4
Begin 16 Oktober 2026
Vir kinders 6–12 jaar
Sluit aan en:
Leer hoe om angs en bekommernis te hanteer
Groei in selfvertroue
Oefen dapper stappe
Doen dit saam met ander maats
Alles in 'n veilige, ondersteunende groep-omgewing.
Ontwikkel en aangebied deur sielkundiges.
Wil jy meer weet?
Kontak ons: 082 094 6078
www.dannidinocorn.com
info@dannidinocorn.com
Kom ons groei braaf, selfversekerde kinders — saam!
Wees jy. Glo in jouself. Saam met Danni Dinocorn.